**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
**EXTRAORDINARY**
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Maandag 2 Augustus 1976 WINDHOEK Monday 2 August 1976 No. 3553

INHOUD

CONTENTS

*Bladsy/Page*

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 222 Munisipaliteit van Walvisbaai: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies ...............

No. 222 Municipality of Walvis Bay: Amendment of Native Location Regulations .............. 886

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 222] [2 Augustus 1975

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

Dit het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 32(4) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951) (Suidwes-Afrika), gelees met artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet 56 van 1954), en artikel 2 van die Proklamasie op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1958 (Proklamasie 119 van 1958), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van die Inboorlinglokasieregulasies soos uiteengesit in die Bylae hiervan en soos aanvaar deur die Munisipaliteit van Walvisbaai.

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

H. P. F. GOUS,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 222] [2 August 1976

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

The Minister of Bantu Administration and Development has been pleased by virtue of the powers vested in him by section 32(4) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951) (South West Africa), read with section 3 of the South West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (Act 56 of 1954), and section 2 of the South West Africa Native Affairs Administration Proclamation, 1958 (Proclamation 119 of 1958), to approve the amendment of the Native Location Regulations as set out in the Schedule hereto and as adopted by the Municipality of Walvis Bay.

BYLAE

MUNISIPALITEIT VAN WALVISBAAI: WYSIGING VAN INBOORLINGLOKASIEREGULASIES.

Die Inboorlinglokasieregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 243 van 14 Desember 1960 word hierby gewysig deur Bylae V (Tarief van huur, heffings en gelde) deur die volgende te vervang:

(a) Deur die houer van 'n loseerderspermit, of iedereen wat die houer van sodanige permit moet wees uitgereik ingevolge regulasie 31(1) van Hoofstuk 11 van hierdie regulasie; per maand of gedeelte van 'n maand ............................ R3,00

(b) Deur die houer van 'n besoekerspermit of iedereen wat die houer van sodanige permit moet wees wat uitgereik is ingevolge regulasie 31(11) van Hoofstuk 11 van hierdie regulasies wanneer die geldigheidsduur van so 'n permit 72 uur te bowe gaan; per maand of gedeelte van 'n maand ........ R2,00

(c) Deur die houer van 'n perseelpermit, of iedereen wat die houer van sodanige permit moet wees; per maand ............................ R6,00

(d) Deur die houer van 'n woonpermit, of elkeen wat die houer van sodanige permit moet wees, ten opsigte van die volgende huise; per huis per maand:

(i) Tipe 0/2, D/2 en N/2 – R12,00

(ii) Tipe 0/3, D/3 en N/3 – R14,60

(iii) Tipe 0/4, D/4 en N/4 – R16,70

(iv) Tipe G en E – R21,80

(v) Tipe G.1 en E.1 – R24,00

(vi) Tipe P. 1 – R24,50

(vii) Tipe G.2 en E.2 – R25,50

Met dien verstande dat die houer van sodanige woonpermit vir waterverbruik van meer as 5 kiloliter per maand moet betaal teen die tarief soos van tyd tot tyd deur die Raad in sy Waterleweringsregulasies bepaal.

(e) Vir die huur van besigheidsgeboue gemerk W/E; per maand ......................... R60,00

(f) Huur van sale of vertrekke

(a) Genommer G/S, vir vermaaklikheid of winsgewende ondernemings of funksies, uitgesluit danse, vanaf 07h00 tot 07h00 die volgende dag; per dag .................... R10,00

SCHEDULE

MUNICIPALITY OF WALVIS BAY: AMENDMENT OF NATIVE LOCATION REGULATIONS.

The Native Location Regulations published under Government Notice 243, dated 14th December, 1960, are hereby amended by the substitution for Schedule V (Tariff of rents, fees and charges) of the following:

(a) By the holder of a lodger's permit, or any person who is required to be a holder of such permit issued in terms of regulation 31(1) of Chapter 11 of these regulations; per month or part thereof .... R3,00

(b) By the holder of a visitor's permit, or any person who is required to be a holder of such permit issued in terms of regulation 31(11) of Chapter 11 of these regulations when the currency of such permit exceeds 72 hours; per month or part thereof. .R2,00

(c) By the holder of a site permit, or any person who is required to be a holder of such permit; per month ............................ R6,00

(d) By the holder of a residential permit or any person who is required to be a holder of such permit, in respect of the following dwellings; per month:

(i) Type 0/2, D/2 and N/2 – R12,00

(ii) Type 0/3, D/3 and N/3 – R14,60

(iii) Type 0/4, D/4 and N/4 – R16,70

(iv) Type G and E – R21,80

(v) Type G.1 and E.1 – R24,00

(vi) Type P.1 – R24,50

(vii) Type G.2 and E.2 – R25,50

(e) In respect of hire of business premises numbered W/E; per month .................. R60,00

(f) Hire of hall or room:

(a) Numbered G/S for entertainment or profitable undertakings or functions; dances excluded, between the hours 07h00 to 07h00 the following day; per day ................... R10,00

(b) Soos bo, vir danse; per dag . . . R30,00

Met dien verstande dat die Raad na goeddunke vrystelling kan verleen vir huurgeld betaalbaar ten opsigte van sale of vertrekke genommer G/S indien daar skriftelik aansoek om vrystelling gedoen word.

Vir die doeleindes van paragrawe (d), (e) en (f) van hierdie Bylae, word die verskillende tipe huise, sale en vertrekke aangedui op 'n uitlegplan van die Inboorlinglokasie wat by die kantoor van die Superintendent ter insae lê.

(g) Vir die oordrag van 'n perseel- of woonpermit R0,50

(h) (i) Deur elke inwoner van 'n munisipale tehuis, uitgesonderd 'n tehuis gereserveer vir kontrak-Ovambos; per kalendermaand . . . . . . . R9,00 of vir 'n gedeelte van 'n kalendermaand, per dag . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . R0,35

(ii) Deur elke werkgewer vir losies en inwoning van sy Inboorlingwerknemer in die Raad se tehuis wat gereserveer is vir enkelresidensiële verblyf van manlike extra-territoriale en noordelike Inboorlinge:

(a) Basiese heffing: 30c per inwoner per dag of 'n gedeelte van 'n dag, plus

(b) 'n bykomende vordering vir maaltye, gebaseer op die werklike koste, volgens 'n rantsoenskaal wat deur die Raad goedgekeur word; Met dien verstande dat elke werkgewer wat in enige maand meer as 100 werknemers in diens het en wie se gemiddelde getal inwoners in die tehuis in enige maand in enige jaar meer as 30 % hoër is as die gemiddelde inwonertal in enige maand van dieselfde jaar, vir die twaalf agtereenvolgende maande 1 Januarie tot 31 Desember van die volgende jaar die basiese heffing op die gemiddelde inwonertal van die maande met die hoogste inwonertal in die vorige jaar of die werklike inwonertal in elke maand watter ookal die grootste getal is, moet betaal: Voorts met dien verstande dat as sodanige werkgewer ophou om 'n werkgewer te wees, geen verdere basiese gelde betaalbaar is nie: Voorts met dien verstande dat wanneer maaltye nie verskaf word nie, die werkgewer nie aanspreeklik is vir die betaling van enige gelde ten opsigte van die verskaffing van voedsel nie.

(i) Begrafnisgelde vir enige grootte graf . . . . . . R1,50

(j) Vir die gebruik van die ambulans:

(i) Vir die vervoer van persone binne die stadsgebied . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . R0,70

(b) As above, for dances; per day . . . . . . R30,00

Provided that the Council may at its discretion, grant exemption from the payment of rent in respect of halls and rooms numbered G/S if written application for exemption is made.

For the purpose of paragraphs (d), (e) and (f) of this Schedule, the different types of dwellings, halls and rooms are indicated on a layout plan of the Native Location which lies open for inspection at the office of the Superintendent.

(g) In respect of the transfer of a site or residential permit . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . R0,50

(h) (i) By each inmate of a municipal hostel, excluded any hostel reserved for contracted Ovambos:
Per calendar month . . . . . . . . . . . . . . . R9,00
Per day . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . R0,35

(ii) By the employer for board and lodging for his Native employee in the Council's hostel reserved for single residential accommodation in respect of male extra-territorial and northern natives:

(a) Basic fee: 30c per lodger per day or part thereof, plus —

(b) an additional charge for meals, based on actual cost in accordance with a ration scale approved by the Council: Provided that every employer who employs more than 100 employees in any month and whose average number of inmates in the hostel during any month in any year exceeds by more than 30 % the average number of inmates during any month of the same year, shall, in respect of the twelve consecutive months 1 January to 31st December of the ensuing year, pay the basic fee based upon the average number of inmates during the months with the highest number of inmates of the previous year, or on the actual number of inmates in each month, whichever is the greater number; Provided further that if such employer ceases to be an employer, no further basic fee shall be payable: Provided further that when no meals are supplied to an employee the employer shall not be liable for the payment of any fees in respect of the provision of meals.

(i) Burial fees for any size grave . . . . . . . . . . . R1,50

(j) Use of Ambulance:

(i) Transport of persons within the proclaimed area . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . R0,70

(ii) Vir die vervoer van persone van en na plekke geleë buite die stadsgebied, per kilometer, met 'n minimum van 70c per rit ........... R0,10

(iii) Vir die vervoer van persone wat aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly, 'n bykomende vordering per rit van ..... R1,00

(k) Vir die huur van enige motorhuis; per maand R3,50

(ii) Transport of persons to or from a place outside the proclaimed area, per kilometer, with a minimum of 70c per trip ........... R0,10

(iii) Transport of persons who suffer from contagious or infectious disease, an additional fee per trip ........................ R1,00

(k) Hire of garages; per month ............ R3,50

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.